

Dag 9 – Dawid en Goliat



Inleiding: Laat almal 'n prentjie teken van iets wat hulle bang maak. Sit die prentjies in 'n ry op die vloer neer en gee elkeen 'n kans om dit wat hulle bang maak uit te roei. Vrommel die papier op en skiet of gooi dit in die drom.

Woord: 1 Samuel 17

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



Luister ook na die liedjie van Jan de Wet by: <https://www.youtube.com/watch?v=B1He3Q2chNM>

Dawid se drie oudste broers het vir Israel geveg teen die Filistyne. Op 'n dag sê Isai vir Dawid: 'Neem die graan en brode na jou broers toe en vind uit hoe dit met hulle gaan.'

Toe Dawid by die kamp aankom, hardloop hy na die plek waar die soldate staan om na sy broers te soek. Net toe kom die Filistynse reus, Goliat, uit om met die Israëliete te spot. Hy doen dit nou al 40 dae lank elke oggend en aand. Hy roep: 'Kies een van julle manne uit om teen my te veg. As hy wen en my doodmaak, sal ons julle slawe wees. Maar as ek wen en hom doodmaak, sal julle ons slawe wees. Ek daag julle uit om iemand te kies om teen my te veg.'

'Dawid vra vir 'n paar van die soldate: 'Wat sal die man kry wat hierdie Filistyn doodmaak en hierdie skande van Israel wegneem?' 'Saul sal die man baie ryk maak', sê die soldate. 'En hy sal vir hom sy dogter gee om mee te trou.' Maar al die Israëliete is bang vir Goliat omdat hy so groot is. Hy is omtrent 3 meter lank, en hy laat 'n ander soldaat sy skild vir hom dra.



Die soldate gaan sê toe vir koning Saul dat Dawid teen Goliat wil veg. Maar Saul sê vir Dawid: 'Jy kan nie teen hierdie Filistyn veg nie. Jy is net 'n seun, en hy is al sy hele lewe lank 'n soldaat.' Dawid antwoord: 'Ek het 'n beer en 'n leeu doodgemaak wat my pa se skape weggedra het. En

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

hierdie Filistyn sal soos een van hulle word. God sal my help.' Toe sê Saul: 'Gaan, en mag God met jou wees.'

Dawid gaan toe na 'n stroompie toe en tel vyf gladde klippies op en sit hulle in sy sak. Dan vat hy sy slinger en loop na die reus toe. Toe Goliat hom sien, kan hy dit nie glo nie. Hy dink dit gaan kinderspeletjies wees om Dawid dood te maak.

'Kom na my toe', sê Goliat, 'dat ek jou liggaam vir die voëls en die diere kan gee om te eet.' Maar Dawid sê: 'Jy kom na my toe met 'n swaard en 'n spies, maar ek kom na jou toe in die naam van Here my God. Vandag sal God my help en ek sal jou doodmaak.'



Toe hardloop Dawid na Goliat toe. Hy haal 'n klippie uit sy sak, sit dit in sy slinger en gooi dit so hard soos hy kan. Die klip tref Goliat op sy voorkop, en hy slaan morsdood neer! Toe die Filistyne sien dat hulle reus dood is, het hulle almal omgedraai en weggehardloop.

Gesels as gesin oor die volgende vrae:

1. Hoekom was die Israëliete bang vir Goliat?
2. Watter ooreenkoms wou Goliat met die Israëliete aangaan?
3. Waarmee het Dawid gaan veg?
4. Is ons ook soms bang vir goed? Wat maak jou bang?
5. Dawid het op God vertrou om hom te help om dapper te wees. Kan ons dit ook doen?
6. Hoe kan ons vir God vra om ons te help om dapper te wees?

Gebed

Help my om so dapper soos Dawid te wees en niks te vrees nie. Dankie dat ek weet U is altyd by my.

Speletjie

Maak 'n kettie en skiet teiken buite in die tuin.

Aktiwiteit

Verbind die kolletjies om die prent te voltooi op bladsy 4 en kleur dit in.